veel arbiters) aangestel moet word, en as 'n dienooreenkomstige aanstelling tien dae nadat die Administrateursbesluit meegedeel is nog nie geskied het nie, of, waar die raad self op die getal arbiters besluit het, daar nog geen arbiter(-s), of, na gelang, geen arbiter(-s) of eindbeslissers aangestel is nie, dan stel die Administrateur sy eie keuse(-s) in die aangewese amp aan.

(4) Die bepalinge van sub-artikel (3), (4), (5), (6), (8), (9), (10), (11) en (12) van artikel drie-en-veertig geld met die nodige veranderinge arbitrasie en aanstellings uit hoofde van hierdie artikel.

(5) Waar dienste betreffende sanitasie, passasiersvervoer, brandweer, krag, lig of water binne 'n plaaslike bestuursgebied nie deur die plaaslike bestuur self nie, maar deur 'n ander gelewer word, geld die bepalinge van hierdie artikel sodanige ander leweraar as sy werknemers ten opsigte van die sanitasie-, passasiersvervoer-, brandweer-, krag-, lig- of waterdienste, na gelang, asof die leweraar 'n plaaslike bestuur is.

45. (1) Arbitrasiekoste weens verrigtinge uit hoofde van artikel drie-en-veertig of vier-en-veertig word soos volg bstry:—

- (a) Word daar 'n enkele arbiter aangestel, dan moet die vakverenigings en die werknemers wat aan die geskil deelneem (in hierdie artikel heet hulle die werknemers) die een helfte van sy besoldiging betaal, en die werkgevers en die werkgeversorganisasies wat aan die geskil deelneem (in hierdie artikel heet hulle die werkgevers) die ander helfte.
- (b) Word daar meer as een arbiter aangestel, dan moet die werknemers en die werkgevers onderskeidelik die arbiter(-s) betaal wat hulle aangestel het of wat die Administrateur namens hulle aangestel het.
- (c) As daar 'n eindbeslissers aangestel is, moet die werknemers die helfte van sy besoldiging betaal, en die werkgevers die ander helfte.
- (d) Al die ander arbitrasiekoste, insluitende moontlike getuiegelde, moet om die helfte deur die werknemers en die werkgevers gedeel word: Met dien verstande dat moontlike sekretariële of klerklike hulp wat die Administrateur beskikbaar stel uit staatsgelde bestry word: Met dien verstande voorts dat die werknemers of die werkgevers, na gelang, self hul eie regstreekse uitgawes bestry, tensy hul anders ooreengekom het.

(2) Daardie deel van die arbitrasiekoste wat die werknemers en die werkgevers ingevolge hierdie artikel moet betaal, moet hulle onderskeidelik aansuiwer in die verhouding waartoe hulle ooreenkom, of, by onenigheid, in die verhouding wat die arbiter of die arbiters of die eindbeslissers, na gelang, vasstel.

46. (1) Wanneer 'n versoeningsraad 'n afskrif van 'n ooreenkoms soos dié waarvoor sub-artikel (2) van artikel vier-en-dertig gaan, aan die Administrateur besorg met 'n versoek dat hy dit bindend moet verklaar op die kontraktante en op die werknemer- en werkgeverlede van die deelnemende vakverenigings of werkgeversorganisasies, kan die Administrateur na goedgeunkte by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat al die bepalinge van die ooreenkoms wat in die kennisgewing staan, vanaf 'n datum en oor 'n tydperk wat hy vasstel, die kontraktante en die moontlik deelnemende vakverenigings en werkgeversorganisasies bind.

(2) Waar 'n versoeningsraad so 'n versoek soos sub-artikel (1) noem, aan die Administrateur rig, met 'n bykomende versoek dat hy die ooreenkoms, of enige bepalinge daarvan, ook op die ander werkgevers of werknemers in die betrokke bedryf in die streek of streekdeel waar-

determine whether a single arbitrator or more than one arbitrator (and if so, how many arbitrators) shall be appointed, and if within a period of ten days from the date the Administrator notifies it of such determination or where the board has itself determined the number of arbitrators then within ten days of the date of such determination no appointment or appointments have been made of the arbitrator, or as the case may be, of one or more of the arbitrators or the umpire, the Administrator shall appoint such person or persons as he may himself select.

(4) The provisions of sub-sections (3), (4), (5), (6), (8), (9), (10), (11) and (12) of section forty-three shall *mutatis mutandis*, apply to arbitration and the making of appointments under this section.

(5) Whenever within the area of a local authority sanitation, passenger transportation, a fire extinguishing service, or the performance of work connected with power, light or water is provided by some person other than the local authority, the provisions of this section shall apply to that other person and his employees engaged to perform work connected with such sanitation, passenger transportation, fire extinguishing services, power, light or water, as the case may be, in like manner as if that person were a local authority.

45. (1) The costs of any arbitration proceedings under section forty-three or forty-four shall be paid as follows:—

- (a) If only one arbitrator has been appointed, one-half of his remuneration shall be paid by the employees and trade unions which are parties to the dispute (in this section called the employees) and one-half by the employers and employers' organizations which are parties to the dispute (in this section called the employers).
- (b) If more arbitrators than one have been appointed, the employees and the employers shall, respectively, pay the remuneration of the arbitrator or arbitrators appointed by them, or by the Administrator in their stead.
- (c) If an umpire has been appointed, one-half of his remuneration shall be paid by the employees and one-half by the employers.
- (d) One-half of all other costs of the arbitration, including the payment (if any) made to witnesses, shall be paid by the employees and one-half by the employers: Provided that the cost of any secretarial or clerical assistance provided by the Administrator shall be paid from public moneys: Provided further, that any costs incurred directly by the employees or employers shall, unless the employees and employers have otherwise agreed, be paid by the employees or employers, as the case may be.

(2) That portion of the costs of arbitration which in terms of this section is payable by the employees and that portion which is payable by the employers shall, respectively, be paid by the several employees or by the several employers in the proportions agreed upon by them, or, failing agreement, in the proportions determined by the arbitrator, arbitrators or umpire, as the case may be.

46. (1) Whenever a conciliation board transmits to the Administrator a copy of any agreement such as is referred to in sub-section (2) of section thirty-four, and requests the Administrator to declare the agreement to be binding upon the parties which entered into the agreement and upon the employers and employees who are members of any organizations or unions which are parties, the Administrator may, if he deems it expedient, by notice in the *Gazette*, declare that from a date and for a period fixed by him in that notice all the provisions of the agreement, which shall be set forth in that notice, shall be binding upon those parties and any employers' organizations and trade unions which are parties.

(2) Whenever a conciliation board makes any such request as is referred to in sub-section (1), and also requests the Administrator to declare the agreement, or any of the provisions thereof, to be binding upon the other employers and employees engaged or employed in

voor die versoeningsraad ingestel is, bindend moet verklaar, kan die Administrateur, as hy dit doenlik ag en oortuig is dat die kontraktante die werkgewers en werknemers in die betrokke bedryf in die betrokke streek of streekdeel voldoende verteenwoordig, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* —

(a) 'n verklaring doen soos dié wat sub-artikel (1) noem; en

(b) 'n bykomende verklaring doen dat al die bepaling van die ooreenkoms, of die bepaling daarvan wat hy moontlik aanwys, sodanige ander werkgewers en werknemers verbind soos hierdie artikel aandui.

(3) As 'n versoeningsraad die Administrateur meedeel dat die doel van 'n ooreenkoms waaromtrent 'n aansoek uit hoofde van sub-artikel (1) of (2) gedoen is of word, syms insiens verfydel word, of waarskynlik verfydel sal word binne die streek of streekdeel wat die aansoek noem, deurdat persone wat die woordbepaling van „werknemer” in artikel *agt-en-veertig* nie omvat nie, in die betrokke bedryf werk teen besoldiging en onder diensvoorwaardes wat nie in die ooreenkoms staan nie, en die versoeningsraad by die Administrateur aanbeveel dat enige bepaling(-s) van die ooreenkoms sodanige werknemers moet geld, kan die Administrateur na goeivinde by kennisgewing ingevolge sub-artikel (1) of (2) of by 'n verdere kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat al die bepaling van die ooreenkoms, of sodanige bepaling daarvan soos hy nodig ag ter voorkoming van die moontlike verfydeling, en soos hy in die kennisgewing noem, vanaf 'n vermelde datum en oor 'n vermelde tydperk *met die nodige veranderinge* die vermelde werknemers in die vermelde streek geld, en daarop is sodanige werknemers en hulle werkgewers aan al die bepaling, of aan al die vermelde bepaling, van die ooreenkoms gebonde.

(4) Wanneer die Administrateur 'n kennisgewing ingevolge sub-artikel (1), (2), (3) of (5) laat verskyn het, en binne die geldingstyd daarvan deur of namens die gebonde werkgewers of werknemers versoek word om die geldingstyd van enige bepaling te verleng ten opsigte van enigeand wat volgens die kennisgewing deur sodanige bepaling gebonde is, kan die Administrateur, as hy dit wenslik ag, by 'n opvolgende kennisgewing in die *Offisiële Koerant* daardie geldingstyd tot op 'n daarin vermelde datum verleng: Met dien verstande dat die Administrateur die geldingstyd van 'n kennisgewing ingevolge sub-artikel (1) of (2) verleng slegs wanneer hy oortuig is dat diegene wat die verlengingsversoek(-e) aan hom gerig het, die gebonde werkgewers of -nemers toereikend verteenwoordig.

(5) In 'n kennisgewing wat die Administrateur ingevolge hierdie artikel laat verskyn, betreffende 'n ooreenkoms wat bepaling bevat oor enige saak wat paragraaf (o) van sub-artikel (1) van artikel *nege* noem, kan die Administrateur verklaar dat sodanige bepaling sodanige prinsipale, kontraktante of andere soos daardie paragraaf noem, vanaf 'n datum en oor 'n tydperk wat hy in die kennisgewing noem, verbind.

(6) In sub-artikel (5) van hierdie artikel en in artikel *nege-en-veertig* tot en met *vyf-en-vyf-tig, sewen-en-vyf-tig, nege-en-vyf-tig, sestig, twee-en-sestig, drie-en-sestig, ses-en-selig en agt-en-sestig* word enige verwysing, hetsy uitdruklik of stilswyend, na 'n werknemer gehou vir 'n verwysing na elkeen op wie enige bepaling van 'n ooreenkoms ingevolge sub-artikel (3) van hierdie artikel toegepas is, en elke verwysing na 'n ooreenkoms word gehou vir 'n verwysing na enige aldus toegepaste bepaling.

(7) Waar die vraag ontstaan of die kontraktante by 'n ooreenkoms werkgewers of -nemers toereikend verteenwoordig, kan die Administrateur die raadslede as toereikende verteenwoordigers van die betrokke bedryf beskou, al is die verkuerenigings met verteenwoordiging in die raad nie geregistreer ten opsigte van die belange van elke klas werknemer in die betrokke bedryf nie, of al het hulle, hoewel hulle geregistreer is, geen lede wat aan sekere klasse werknemers behoort nie, mits die verteenwoordigde werkgewers

the trade to which the agreement relates, in the area or in any portion of the area, in respect of which the board was established, the Administrator may, if he deems it expedient, and if he is satisfied that the parties to the agreement are sufficiently representative of the employers and employees engaged or employed in that trade in that area or in that portion of that area, by notice in the *Gazette*—

(a) make a declaration such as is referred to in sub-section (1); and

(b) make a further declaration that all the provisions of the agreement, or such provisions as are specified by him, shall be binding upon such other employers and employees as are referred to in this sub-section.

(3) If a conciliation board reports to the Administrator that, in its opinion, any object of an agreement which has been or is the subject of an application for a declaration under sub-section (1) or (2) is being or will probably be defeated within the area or portion thereof referred to in the said application by the employment in the trade concerned at rates of remuneration and under conditions of employment other than those specified in the agreement of persons not included in the definition of the expression „employee” contained in section *forty-eight*, and recommends to the Administrator that the provisions of the agreement or any of the provisions thereof be made applicable to such persons, the Administrator may, in his discretion, in any notice published by him under sub-section (1) or (2), or, by a further notice published in the *Gazette*, declare that in an area and from a date and for a period specified by him in the notice all the provisions of the agreement or such provisions thereof as he may consider necessary to prevent any such consequence and as he may specially indicate in the notice shall, *mutatis mutandis*, apply in respect of such persons and thereupon all the provisions, or the provisions specially indicated in the notice, shall be binding upon every employer of any such person and upon all such persons.

(4) Whenever the Administrator has published a notice under sub-sections (1), (2), (3) or (5) and receives during the currency thereof a request or requests from or on behalf of employers and employees bound thereby to extend the period for which any of the provisions thereof shall remain binding upon the persons upon whom by that notice they were declared to be binding, the Administrator may, if he deems it expedient, extend that period by further notice in the *Gazette* to a date which he may therein specify: Provided that he shall not so extend the period in respect of any notice under sub-sections (1) or (2) unless he is satisfied that the persons who made the said request or requests are sufficiently representative of the persons bound thereby.

(5) In any notice published by the Administrator under this section relating to any agreement which contains provisions on any of the matters referred to in paragraph (o) of sub-section (1) of section *nine*, he may declare that from a date and for the period fixed by him in that notice those provisions shall be binding upon any such principals, contractors or other persons as are referred to in that paragraph.

(6) In sub-section (5) of this section and in sections *forty-nine to fifty-five* inclusive, *fifty-seven, fifty-nine, sixty, sixty-two, sixty-three, sixty-six and sixty-eight*, any reference, express or implied, to an employee shall be construed so as to include any person in respect of whom any provisions of an agreement have been applied under sub-section (3) of this section, and any reference to an agreement shall be construed so as to include any provisions so applied.

(7) On the question whether the parties to an agreement are sufficiently representative of employers and employees, the Administrator may, notwithstanding the fact that the trade unions which are parties to a board are not registered in respect of the interests of all classes of persons employed in the trade concerned or, if so registered, have no members belonging to certain classes of such persons, regard the parties to the board as sufficiently representative of the trade concerned, provided

werknemers uit sodanige klasse in hul diens het, en dan geld die bepaling hiervan met die nodige veranderinge die deelnemers aan 'n versoek wat uit hoofde van sub-artikel (4) geskied.

47. (1) Elke toekenning deur 'n arbiter, of arbiters en 'n eindbesliser aangestel kragtens artikel drie-en-veertig of vier-en-veertig is afdoende, en verbind die betrokke werkgewers, die werknemers, die werkgewersorganisasies en die vakverenigings sowel as die lede van daardie werkgewersorganisasies en vakverenigings, oor 'n tydperk wat die arbiter, of die arbiters, of die eindbesliser, vasstel, en wat minstens een jaar en hoogstens twee jaar mag wees.

(2) Die arbiter, arbiters of eindbesliser moet die datum vasstel waarop die toekenning of enige deel daarvan in werking tree, en dit kan die datum wees waarop die toekenning geskied, of vroeër of later, al na sy billikvnde: Met dien verstande dat so 'n inwerkingtredingsdatum nie vroeër gestel mag word as die datum waarop, na die arbiter, arbiters of eindbesliser meen, die geskil ontstaan het nie.

(3) Die bepaling van artikel ses-en-veertig, uitgesonderd sub-artikel (1), paragraaf (a) van sub-artikel (2) en sub-artikel (4) daarvan, geld met die nodige veranderinge elke sodanige toekenning.

48. By die toepassing van hierdie hoofstuk beteken —
 „werknemer” elkeen wat by 'n werkgewer in diens is of werk, en wat besoldig word, of daarop geregtig is, en enigiemand anders hoegenaamd wat enigiens 'n werkgewer se saak help dretwe of bestuur, maar sluit dit 'n Inboorling uit; en het „in diens” en „diens” ooreenkomstige betekenisse; en beteken „Inboorling” 'n lid van enige Inboorlingstam of -ras van Afrika.

HOOFSTUK III.

ADMINISTRATIEF EN ALGEMEEN.

49. (1) Wanneer 'n inspekteur betreffende 'n ooreenkoms wat 'n versoeningsraad aan die Administrateur voorgelê het, en wat kragtens artikel ses-en-veertig tot bindende ooreenkoms verklaar is, of 'n toekenning wat ingevolge artikel sewe-en-veertig tot bindende toekenning verklaar is of word, of betreffende 'n bindende vaststelling, verslag doen dat syns insiens —

- (a) die bestaande diensvoorwaardes van diegene wat deur so 'n ooreenkoms, toekenning of vaststelling geraak word, weselik minstens so gunstig vir hulle is as die diensvoorwaardes wat daardie ooreenkoms, toekenning of vaststelling voorskryf; of dat
- (b) enigene aan 'n liggaamsgebrek soos gevorderde jare, kroniese siekte of swakheid ly, en dus slegs deel van 'n gesonde se werk kan doen; of dat
- (c) daar besondere omstandighede heers wat om die beswil van 'n bepaalde persoon sy vrystelling van die werking van hierdie artikel regverdig,

kan die Administrateur, as hy dit wenslik ag, sodaniges vrystel van die werking van enige of al die toepasselike bedinge van so 'n ooreenkoms, toekenning, of vaststelling middels 'n sertifikaat waarop die vrystellingsvoorwaardes en -duur vermeld staan, en wat 'n beaampte onderteken.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd en na goedvnde by geskryf onder sy hand die bevoegdheede wat sub-artikel (1) hom verleen, aan enige beaampte oordra, en kan so 'n bevoegdheidsordrag intrek.

(3) Elke voorwaarde op 'n sertifikaat wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, verbind die persoon aan wie dit uitgereik word, en as so-iemand 'n werknemer is, dan ook elkeen wat hom in diens het.

(4) Die Administrateur kan te eniger tyd na goedvnde 'n vrystelling intrek, en 'n beaampte aan wie bevoegde ingevolge sub-artikel (2) oorgedra is, kan te eniger tyd 'n vrystelling wat hy verleen het, intrek, of enige ander beaampte aan wie sodanige bevoegdheede verleen is, kan dit intrek.

the employers represented thereon have in their employ persons belonging to such classes, and the provisions hereof shall *mutatis mutandis* apply to parties to any request in terms of sub-section (4).

47. (1) Any award made by an arbitrator, arbitrators or umpire appointed under section forty-three or forty-four shall be final and binding upon the employees and employers who, and the trade unions and employers' organizations which, are parties to the dispute and upon the employees and employers who are members of those unions or organizations, for a period which shall be fixed by the arbitrator, arbitrators or umpire, and which shall not be less than one year nor more than two years.

(2) The arbitrator, arbitrators or umpire shall fix the date from which the award or any portion of the award shall operate, which date may be the date on which the award is given or an earlier or later date, as to him may seem equitable: Provided that an award shall not operate from an earlier date than the date upon which, in the opinion of the arbitrator, arbitrators or umpire, the dispute came into existence.

(3) The provisions of section forty-six (other than sub-section (1), paragraph (a) of sub-section (2) and sub-section (4) thereof shall, *mutatis mutandis*, apply to any such award.

48. For the purposes of this Chapter—

“employee” means any person employed by, or working for any employer, and receiving, or being entitled to receive, any remuneration, and any other person whatsoever who in any manner assists in the carrying on or conducting of the business of an employer but does not include a native; and

“employed” and “employment” have corresponding meanings; and

“native” means a member of any aboriginal race or tribe of Africa.

CAPTER III.

ADMINISTRATIVE AND GENERAL.

49. (1) Whenever an inspector reports in relation to an agreement which has been transmitted to the Administrator by a conciliation board and has been made binding in terms of section forty-six, or an award which in terms of section forty-seven is or has been made binding, or to a determination which is binding, that in his opinion—

- (a) the existing conditions of employment of any persons to whom such agreement, award or determination applies are substantially not less favourable to them than the conditions of employment prescribed by that agreement, award or determination; or
- (b) any person suffers from physical disability such as old age, or chronic sickness or infirmity, and is capable of doing only part of the work required of an able-bodied person; or
- (c) special circumstances exist which justify, in the interests of any person, an exemption of that person under this section,

the Administrator may, if he deems it expedient to do so, authorize under licence signed by an officer, subject to such conditions and for such period as may be specified therein, the exemption of those persons or that person from all or certain of the provisions of any such agreement, award or determination applicable to them or to him.

(2) The Administrator may, in his discretion, from time to time by writing under his hand delegate the powers conferred upon him by sub-section (1), to any officer, and withdraw any such delegation.

(3) Any condition specified in any licence issued under this section shall be binding upon the person to whom it has been issued and, if that person is an employee, upon every person who employs him.

(4) Any such exemption may at any time be withdrawn at the discretion of the Administrator; and any exemption granted by an officer to whom powers have been delegated under sub-section (2) may at any time be withdrawn by that officer or by any other officer to whom powers have been so delegated.

50. (1) Elkeen wat enige bepaling van enige vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of vrystelling-sertifikaat wat hom ingevolge hierdie Ordonnansie verbind, deur 'n daad of versuim verontagsaam, is skuldig aan 'n oortreding.

(2) Was die veroordeelde 'n werkgewer, en het hy oortree deur enige bepaling van enige sodanige vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of vrystelling-sertifikaat te verontagsaam deur 'n daad of versuim aangaande—

(a) 'n aangeleentheid genoem in paragraaf (a), (c) of (g) van sub-artikel (1) van artikel *nege*, of aangaande betaling vir oortydse werk of eies, of betaling vir, of ter vervanging van, afwesigheidsverlof of ter vervanging van 'n kennisgewing van diensbeëindiging, of die betaling op die betaaldag van 'n werknemer se volle besoldiging, of die besoldiging wat 'n werknemer luidens 'n vrystelling-sertifikaat toekom; of

(b) enige aangeleentheid genoem in paragraaf (k) van sub-artikel (1) van artikel *nege*;

dan moet die vonnisvallende hof ingaan op, en die verskil vasstel tussen, die bedrag wat hy betaal het en die bedrag wat hy sou betaal het as die daad of versuim waaraan hy skuldig bevind is, nie gepleeg was nie; en, by 'n verontagsaming deur 'n daad of versuim waarop paragraaf (a) dui, moet die hof nagaan of die betrokke werknemer ingestem het, al dan nie, om minder besoldiging te aanvaar as wat hom toekom luidens die bepalings van die betrokke vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening, of vrystelling-sertifikaat, en of, as hy wel daartoe ingestem het, hy geweet het van sy regte luidens die betrokke bepalings, en, as hy wel geweet het, die omstandighede van sy toestemming: Met dien verstande dat waar die hof uit al die getuënis, gelewer voor of na die skuldigbevinding, die verskil nie noukeurig kan uitmaak nie, hy dit na beste vermoë moet skat. As daar geen betaling geskied het nie, word die bedrag wat betaal sou gewees het as daar geen oortreding deur 'n daad of versuim gepleeg was nie, wut hierdie artikel betref, gehou vir die verskil. Die verskil wat aldus vasgestel of geskat word, heet hierin, en in artikel *een-en-vyf*ig en *drie-en-vyf*ig, die tekort.

(3) Wanneer die hof kragtens sub-artikel (2) oortree, moet hy die werkgewer geleentheid gee om getuënis te lewer oor die tekort en die omstandighede daarvan, en as die oortreding bestaan uit 'n verontagsaming deur 'n daad of versuim waarop paragraaf (a) van daardie sub-artikel dui, dan moet die hof die betrokke werknemer 'n soortgelyke geleentheid bied.

(4) Hofverrigtinge kragtens sub-artikel (2) en (3) moet voor die vonnis geskied, en word gehou vir deel van die verhoor.

(5) Waar die oortreding 'n verontagsaming deur 'n daad of versuim is waarop sub-artikel (2) dui, en die tekort groter is as die maksimale boete ingevolge artikel *vyf-en-sewentig*, dan moet die maksimale boete waaraan die veroordeelde ingevolge daardie artikel onderhewig is, verhoog word tot op 'n bedrag gelyk aan die tekort.

(6) Teen 'n aanklag weens 'n oortreding deur 'n daad of versuim waarop sub-artikel (2) dui, is bewys dat die beskuldigde se daad of versuim aan geldgebrek te wyte is, geen verweer nie.

51. (1) Waar enigiemand ingevolge sub-artikel (1) van artikel *vyf*ig aan 'n oortreding skuldig bevind is, en die oortreding bestaan het uit 'n verontagsaming deur 'n daad of versuim waarop sub-artikel (2) van daardie artikel dui, moet die vonnisvallende hof, nadat hy ingevolge daardie artikel die tekort vasgestel het, die veroordeelde beveel om 'n bedrag gelyk aan die tekort aan 'n beampte wat die hof aanwys (hierna heet hy die aangewese beampte), panieusgewys of andersins, soos die hof bepaal, binne 'n tydperk deur die hof vasgestel, af te betaal.

(2) Wanneer die veroordeelde daarom aansoek doen, en gegronde redes daartoe aanvoer, kan die hof te eniger tyd die afbetalingstydperk verleng of die panieusbedrag wysig betreffende so 'n bedrag wat aan die aangewese beampte betaal moet word.

50. (1) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of any determination, agreement, notice, award or licence of exemption binding upon him under this Ordinance, shall be guilty of an offence.

(2) If the person convicted was an employer, and the offence consisted of the contravention of or failure to comply with any provision of any such determination, agreement, notice, award or licence of exemption relating—

(a) to any matter referred to in paragraph (a), (c) or (g) of sub-section (1) of section *nine*, or to payment in respect of overtime or meals or in respect of or in lieu of leave of absence or in lieu of notice of termination of employment, or to payment on due date of the full remuneration owing to an employee, or, in the case of a licence of exemption, to any remuneration due to an employee in terms thereof; or

(b) to any matter referred to in paragraph (k) of sub-section (1) of section *nine*,

the court convicting him shall enquire into and determine the difference between the amount which he paid and the amount which he would have paid if the contravention or failure of which he has been convicted had not occurred, and, in the case of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (a), whether the employee concerned did or did not agree to accept less than the remuneration which under the provisions of the relative determination, agreement, notice, award or licence he was entitled to receive, and whether if he did so agree, he and if he did know of those rights, the circumstances under which he so agreed: Provided that if the court is unable on all the evidence, whether given before or after conviction, to determine that difference exactly, it shall, to the best of its ability estimate that difference. If no amount has been paid, the amount which would have been paid if the contravention or failure had not occurred, shall, for the purposes of this sub-section, be deemed to be the difference. The difference so determined, or the amount at which it is so estimated is in this section and in sections *fifty-one* and *fifty-three* referred to as the amount underpaid.

(3) The court shall, when acting under sub-section (2) give to the employer an opportunity of submitting evidence regarding the amount underpaid and the circumstances under which the underpayment took place, and, if the offence consisted of a contravention or a failure such as is referred to in paragraph (a) of that sub-section, give to the employee concerned a similar opportunity.

(4) The proceedings of the court under the provisions of sub-sections (2) and (3) shall be taken before sentence is passed, and shall be deemed to form part of the trial.

(5) If the offence consisted of a contravention or failure such as is referred to in sub-section (2), and the amount underpaid is greater than the maximum amount of the fine prescribed by section *seventy-five*, the maximum amount of the fine to which the person convicted shall be liable in terms of that section shall be increased to an amount equal to the amount underpaid.

(6) It shall not be a defence to any charge on a contravention or failure such as is referred to in sub-section (2) to prove that the act or omission with which the accused is charged was due to lack of means.

51. (1) Whenever any person has been convicted of an offence under sub-section (1) of section *fifty*, and the offence consisted of a contravention or failure such as is referred to in sub-section (2) of that section, the court convicting him shall, after it has, in terms of that section, determined the amount underpaid, order him to pay an amount equal to the amount underpaid to an officer specified by the court (hereinafter referred to as the specified officer) within a period fixed by the court, in instalments or otherwise, as fixed by the court.

(2) The court may at any time, upon the application of the person convicted, for good cause shown, extend the period within which any such amount must be paid to the specified officer or vary the amounts of the instalments.

(3) 'n Hofbevel wat kragtens hierdie artikel geskied, het allesins die uitwerking van 'n burgerregtelike hofuitpraak ten gunste van die Administrasie, en kan desgelyks ten uitvoer gelê word.

(3) An order made under the provisions of this section shall have all the effects of, and may be executed as if it were, a civil judgment in favour of the Administration.

52. (1) Waar 'n hofbevel ingevolge artikel een-en-vyfzig teen 'n werkgewer geskied betreffende 'n oortreding waarop paragraaf (a) van sub-artikel (2) van artikel vyftig dui, moet die betrokke hof bevel dat so 'n deel van die bedrag betaalbaar aan die aangewese beampte soos die hof onder die omstandighede van die oortreding billik ag, betaal moet word aan die werknemer teenoor wie daardie oortreding gepleeg is: Met dien verstande dat —

52. (1) Whenever an order is made under section fifty-one against an employer in respect of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of section fifty the court making the order shall direct that so much of the amount which in terms of the order is paid to the specified officer as the court, having regard to the circumstances under which the contravention or failure occurred, deems equitable, shall be paid to the employee in respect of whom the contravention or failure occurred: Provided that—

(a) as die hof bevind dat die betrokke werknemer nie ingestem het om minder te ontvang as die minimale besoldiging waarop hy luidens die bepalinge van die onderhawige vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennings of vrystelling-sertifikaat reg het nie, of, waar hy dit wel aanvaar het, dat hy dit aanvaar het onbewus van sy regte ingevolge daardie bepalinge, die hof moet bevel dat die hele bedrag wat aan die aangewese beampte betaal moet word, aan daardie werknemer oorgedra moet word;

(a) if the court finds that the employee concerned did not agree to accept less than the minimum remuneration which under the provisions of the relative determination, agreement, notice, award or licence he was entitled to receive, or that if he did so agree, he so agreed not knowing of his rights under those provisions, the court shall direct that the whole of the amount so paid to the specified officer shall be paid to that employee;

(b) as die hof, gesien die omstandighede van die oortreding, dit billik ag, hy kan bevel dat geen deel van die bedrag wat aan die aangewese beampte betaal moet word, aan die betrokke werknemer oorgedra moet word nie, uitgesonderd egter die omstandighede waarop paragraaf (a) dui;

(b) if the court, having regard to the circumstances under which the contravention or failure occurred, deems it equitable to do so, it may, except in the circumstances referred to in paragraph (a), direct that no portion of the amount so paid to the specified officer shall be paid to the employee concerned;

(c) as die hof bevel dat 'n deel van die bedrag wat aldus aan die aangewese beampte betaal moet word aan die betrokke werknemer oorgedra moet word, daardie deel minstens eenkwart moet bedra.

(c) if the court directs that any portion of the amount so paid to the specified officer shall be paid to the employee concerned, that portion shall not be less than one-fourth thereof.

(2) Daardie deel van die bedrag wat aan die aangewese beampte betaal word, en wat nie ingevolge sub-artikel (1) aan die betrokke werknemer oorgedra word nie, moet in die Gebied se Inkomstefonds gestort word.

(2) So much of the amount so paid to the specified officer as is not, in terms of sub-section (1), paid to the employee concerned shall be paid into the Territory Revenue Fund.

(3) Die hele bedrag wat aan 'n aangewese beampte betaal word luidens 'n hofbevel teen 'n werkgewer ingevolge artikel een-en-vyfzig weens 'n oortreding waarop paragraaf (b) van sub-artikel (2) van artikel vyftig dui, moet in die Gebied se Inkomstefonds gestort word: Met dien verstande dat waar die werkgewer betreffende dieselfde feite ook skuldig bevind is aan 'n oortreding waarop paragraaf (a) van daardie sub-artikel dui, die bepalinge van hierdie sub-artikel slegs van toepassing is op daardie deel van die bedrag wat aan die aangewese beampte betaal is wat nie luidens 'n hofbevel ingevolge sub-artikel (1) van hierdie artikel aan die betrokke werknemer oorgedra word nie.

(3) The whole of any amount paid to the specified officer pursuant to any order made under section fifty-one against an employer in respect of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (b) of sub-section (2) of section fifty shall be paid into the Territory Revenue Fund: Provided that if the employer has also been convicted in respect of the same facts of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (a) of that sub-section, the provisions of this sub-section shall apply only in respect of so much of the amount paid to the specified officer as the court does not in terms of sub-section (1) of this section direct shall be paid to the employee concerned.

53. (1) As iemand ingevolge sub-artikel (1) van artikel vyftig aan 'n oortreding skuldig bevind is, en die oortreding 'n daad of versuim was waarop paragraaf (a) van sub-artikel (2) van daardie artikel dui, het die werknemer teenoor wie die oortreding gepleeg is, geen reg om enige deel van 'n tekort met 'n siviele geding van sy werkgewer te verhaal nie, maar is hy, aangaande so 'n tekort, slegs geregtig op die bedrag wat luidens die hofbevel ingevolge sub-artikel (1) van artikel twee-en-vyfzig aan hom oorgedra moet word uit die geld wat luidens 'n hofbevel ingevolge artikel een-en-vyfzig aan die aangewese beampte betaal is.

53. (1) If any person has been convicted of an offence under sub-section (1) of section fifty and the offence consisted of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of that section, the employee in respect of whom the contravention or failure occurred shall not be entitled by civil proceedings to recover from his employer any portion of the amount underpaid, but shall be entitled to receive in respect of the amount underpaid only the moneys which the court in terms of sub-section (1) of section fifty-two directs shall be paid to him out of the moneys paid to the specified officer under an order made under section fifty-one.

(2) Behoudens die bepalinge van sub-artikel (3) tens niks in artikel vyftig, een-en-vyfzig of twee-en-vyfzig of in sub-artikel (1) van hierdie artikel 'n werknemer se moontlike reg aan om, met 'n siviele geding teen sy werkgewer —

(2) Subject to the provisions of sub-section (3), nothing contained in section fifty, fifty-one or fifty-two or in sub-section (1) of this section shall affect any right which any employee may have to recover by civil proceedings from his employer—

(a) enige bedrag wat sy werkgewer hom weens 'n onderlinge ooreenkoms bo en behalwe die tekort skuld, te verhaal nie, waar sy werkgewer, of die bestuurder, agent of werknemer van sy werkgewer skuldig bevind is aan 'n oortreding waarop paragraaf (a) van sub-artikel (2) van artikel vyftig dui, wat teenoor daardie werknemer gepleeg is;

(a) where his employer, or the manager, agent or employee of his employer, has been convicted of an offence consisting of a contravention or failure such as is referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of section fifty, which occurred in respect of that employee, any amount owing to him under any agreement between himself and his employer in excess of the amount underpaid;

- (b) enige bedrag wat sy werkgever hom moet betaal weens die bepalings van 'n vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of vrystellingsertifikaat, of weens 'n onderlinge ooreenkoms, te verhoel nie, waar nóg sy werkgever, nóg die bestuurder, agent of werknemer van sy werkgever aldus skuldig bevind is nie.
- (3) 'n Werknemer aan wie sy werkgever nie die volle besoldiging betaal het nie, waartoe die werkgever weens 'n vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of vrystellingsertifikaat ingevolge hierdie Ordonnansie verbode is of was, het geen reg om met 'n siviele geding die tekort of 'n deel daarvan van sy werkgever te verhoel nie, tensy—
- (a) die werknemer 'n sertifikaat by die hof inlewer wat die Prokureur-generaal onderteken het, en waarin die Prokureur-generaal verklaar dat hy geen vervolging betreffende die oortreding of verontagsaming waarop die werknemer sy eisvoorsake wil grond, gaan instel nie; of
- (b) die werkgever of sy bestuurder, agent of werknemer vrygespreek is van 'n aanklag wat uit daardie oortreding voortvloei.

54. (1) Geen afspraak, hetsy uitdruklik of stilswyend, hetsy aangegaan vóór of ná die inwerkingtreding van 'n vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of uitreiking van 'n vrystellingsertifikaat, mag die uitwerking hê dat 'n werknemer laer besoldig word as wat daardie vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening, of vrystellingsertifikaat bepaal nie, of dat hy swakker behandeling of minder bevoordeel word as wat daar aldus voorgeskryf is nie; nóg mag 'n werknemer met 'n afspraak die tersydestelling beoog van 'n bepaling van daardie vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening of vrystellingsertifikaat wat hom geld nie. Elke wat 'n afspraak aangaan wat voorgee om sodanige laer besoldiging, swakker behandeling of minder bevoordeeling, of sodanige tersydestelling toe te laat of te reël, is skuldig aan 'n oortreding, en elke sodanige afspraak is nietig.

(2) 'n Werkgever wat 'n werknemer gelas of toelaat om besoldiging wat aan die werknemer betaal is, of moet word, weens 'n vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, toekennening, vrystellingsertifikaat, of weens 'n lasgewing ingevolge sub-artikel (1) van artikel twee-en-veertig, aan hom (die werkgever) uit of terug te betaal, of wat 'n daadverrig of toelaat waardeur daardie werknemer regstreeks of onregstreeks in mindere of meerdere mate die voordeel van sodanige besoldiging ontbeet, is skuldig aan 'n oortreding.

(3) 'n Werkgever wat vereis of toelaat dat 'n werknemer 'n kwitantie gee of andersins die skyn wek dat hy meer besoldiging ontvang het as wat hy wêl ontvang het, is skuldig aan 'n oortreding.

(4) Die bepalings van hierdie artikel geld met die nodige veranderinge ten opsigte van elke bepaling van elke vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing of toekennening betreffende ewigeen van die sake waarop paragraaf (o) van sub-artikel (1) van artikel nege dui, en ten opsigte van elke prinsipaal of kontraktant of enigemand anders wat daardie bepaling ingevolge hierdie Ordonnansie verbind, of verbind het.

55. (1) Elke werkgever wat, afgesien daarvan of 'n vasstelling, ooreenkoms, kennisgewing, of toekennening hom ingevolge hierdie Ordonnansie verbind of nie, enigeen van sy werknemers outstaan, of sy besoldiging verminder, of sy diensvoorwaardes verswak, of hom in sy stand teenoor sy mede-werknemers benadeel, omdat hy (die werkgever) vermoed of meen dat —

- (a) daardie werknemer inligting verstrek het waartoe hy ingevolge hierdie Ordonnansie verplig was, of wat gaan oor sy eie diensvoorwaardes of oor dié van sy mede-werknemers, en dit wel aan die raad of 'n lid of bykomende lid van die raad, of aan 'n versoeningsraad, of aan 'n bemiddelaar, arbiter of eindsbesliser wat ingevolge hierdie Ordonnansie aangestel is, of aan 'n beampte, of wat die regmatige opdrag van 'n inspekteur uitgevoer het, of wat in 'n gereghof getuicnis afgelê het; of dat

(b) where neither his employer nor the manager, agent or employee of his employer has been so convicted, or any amount which his employer is bound to pay to him under the provisions of any determination, agreement, notice, award or licence of exemption or in terms of any agreement between himself and his employer.

(3) An employee to whom his employer has not paid the full remuneration which he ought to have paid in terms of any determination, agreement, notice, award or licence of exemption which is or was binding upon him under this Ordinance, shall not be entitled to recover from his employer by civil proceedings the amount he has been underpaid or any portion of that amount, unless—

- (a) the employee produces to the court a certificate signed by the Attorney-General stating that he declines to prosecute in respect of the contravention or failure upon which the employee proposes to base the cause of action; or
- (b) the employer or the manager, agent or employee of the employer has been acquitted on a charge of that contravention or failure.

54. (1) No agreement, express or implied whether entered into before or after the coming into operation of any determination, agreement, notice, award or licence of exemption, shall operate to permit of the payment to any employee of remuneration less than that prescribed by that determination, agreement, notice, award or licence, or of the application to any employee of any treatment, or the grant to him of any benefits, less favourable to him than the treatment or benefits so prescribed, nor shall it affect any waiver by any employee of the application to him of any provision of that determination, agreement, notice, award or licence. Any person who enters into any agreement purporting to permit of any such payment, application or grant or to effect any such waiver shall be guilty of an offence, and any such agreement shall be void.

(2) An employer who requires or permits any employee to pay or re-pay to him any remuneration payable or paid to that employee under any determination, agreement, notice, award or any licence of exemption or pursuant to any direction given in terms of sub-section (1) of section fifty-two, or does any act or permits any act to be done as a direct or indirect result of which that employee is deprived of the benefit or of any portion of the benefit of any remuneration so paid, shall be guilty of an offence.

(3) An employer who requires or permits any employee to give a receipt for, or otherwise to represent that he has received, more than he actually received by way of remuneration shall be guilty of an offence.

(4) The provisions of this section shall *mutatis mutandis*, apply in respect of any provision of any determination, agreement, notice or award relating to any of the matters referred to in paragraph (o) of sub-section (1) of section nine, and in respect of any principal or contractor or other person upon whom that provision is or was binding under this Ordinance.

55. (1) Any employer who, whether or not any determination, agreement, notice or award is binding upon him under this Ordinance, dismisses any employee employed by him or reduces the rate of his remuneration or alters the conditions of his employment to conditions less favourable to him, or alters his position relatively to other employees employed by him to his disadvantage, by reason of the fact that he suspects or believes that—

- (a) that employee has given information which by or under this Ordinance he is required to give, or which relates to the conditions of his employment, or those of other employees of his employer, to the board or to any member or additional member of the board or to a conciliation board, or to a mediator or to an arbitrator or umpire appointed under this Ordinance or to an officer, or who has complied with any lawful requirement of an inspector or has given evidence before a court of law; or

(b) daardie werknemer 'n taak waarop sub-artikel (2) en (3) van artikel vier-en-vyftig dui, geweer of versuim het; of dat

(c) daardie werknemer lid is of was van 'n vak- of onder werknemersvereniging wat werknemersbelange teenoor werkgevers wil of wou bestendig of bevorder; of dat daardie werknemer buite sy gewone werkyd (of, met die werkgever se toestemming, daarbinne) deelneem of deelgeneem het aan die stigting of die regmatige bedrywighede van so 'n vak- of ander vereniging, al sou die vermoede of oortuiging juist of gegrond wees, is skuldig aan 'n oortreding, en is by skuldigbevinding onderhevig aan 'n boete van hoogstens driehonderd pond of aan gevangenisstraf van hoogstens twee jaar, of aan sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of aan beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

